


Jong volwassenes word groot in 'n wêreld vol mededingende stemme, veranderende waardes en toenemende druk om by 'n sekulêre kultuur aan te pas. Die Here Jesus Christus roep hierdie geslag om Hom te ken, Hom te volg en soos ligte in die duisternis te skyn.

Terwyl ons hierdie week bid, laat ons die Heilige Gees vra om 'n generasie jong volwassenes op te rig wat die Here Jesus met hul hele hart liefhet, standvastig sal bly in die waarheid van God se Woord en helder sal skyn tot Sy heerlikheid in elke sfeer van die samelewing.

---

**MAANDAG 6 JULIE 2026**
**IDENTITEIT EN EIEWAARDE**

*Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.* (2 Korintiërs 5:17).

Jong volwassenes ervaar **voortdurende druk om hul identiteit te vind** in hul voorkoms, prestasies, sosiale status of die goedkeuring van ander. Baie soek aanvaarding buite Christus, wat lei tot onsekerheid, vergelyking, verwerping en twyfel oor hul ware identiteit en waarde.

**Kom ons bid**

- Vra die Here Jesus om jong volwassenes by **kolleges en universiteite** te help om hul identiteit in Hom te vind eerder as in die menings, verwagtings en standaarde van die wêreld.
- Bid dat hulle hul oë op Jesus gevestig sal hou en met vrymoedigheid in hul Godgegewe identiteit en roeping sal wandel, met die wete dat hul waarde in Hom alleen gevind word.

---

**DINSDAG 7 JULIE 2026**
**ANGS EN ONSEKERHEID OOR DIE TOEKOMS**

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.* (Spreuke 3:5-6).

Baie jongmense ervaar onsekerheid oor hul studies, loopbane, verhoudings en toekoms. Wanneer omstandighede onseker lyk, kan **angs maklik geloof verdring**. Baie in hierdie generasie vrees mislukking en is bang om verkeerde besluite te neem.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om jong volwassenes wat werk soek met Sy vrede te vul terwyl hulle belangrike besluite neem. Bid dat hulle Hom sal vertrou en glo dat Hy hul lewenspad lei.
- Bid dat hulle **Jesus eerste sal soek in elke besluit** en dat geloof vrees sal oorwin namate vertroue in Sy beloftes elke angstige gedagte vervang.

---

**WOENSDAG 8 JULIE 2026**
**DIGITALE AFLEIDINGS EN SOSIALE MEDIA-DRUK**
*Die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof*. (Hebreërs 12:2).

Tegnologie hou baie voordele in, maar die **voortdurende digitale geraas kan jongmense se intimiteit met Christus belemmer**, terwyl vergelyking tevredenheid steel. Sosiale media skep dikwels onrealistiese beelde van sukses en plaas druk op jongmense om hul waarde aan ander te meet. Eindelose kennisgewings en vermaak maak dit moeilik om God se stem te hoor.

**Kom ons bid**

- Vra die Here Jesus om jong volwassenes te help om **tegnologie wys te gebruik**, hul harte en gedagtes teen ongesonde invloede en voortdurende afleidings te bewaak en hulle nader aan Hom te trek.
- Bid dat ons hemelse Vader hulle sal leer om Sy stem bo elke ander stem te waardeer en dat hul aandag, liefde en toewyding op Christus gerig sal bly.

---

**DONDERDAG 9 JULIE 2026**
**VERSOEKING EN MORELE KOMPROMIE**
*Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!* (Psalm 119:9).

Jongmense word voortdurend blootgestel aan waardes en leefstyle wat teen God se ontwerp indruis. Die druk om kompromieë aan te gaan, is intens. Deur sosiale media, vermaak, vriendskappe en kulturele invloede word hulle dikwels **aangemoedig om oortuigings en gedrag te aanvaar wat met Bybelse waarheid bots**.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om jong volwassenes te versterk om standvastig te bly in die waarheid van God se Woord en die druk te weerstaan om by goddelose waardes aan te pas.
- Bid dat ons Vader **'n diep liefde vir Jesus en Sy Woord in hul harte** sal plant en dat hul begeerte om Christus te eer groter sal wees as enige wêreldse versoeking.

---

**VRYDAG 10 JULIE 2026**
**EENSAAMHEID EN VERHOUDINGS**
*Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.* (Spreuke 18:24).

Hoewel jongmense vandag meer verbind is as ooit tevore, ervaar baie steeds **eensaamheid, verwerping en gebroke verhoudings**. Sosiale media kan nie ware vriendskap en betekenisvolle verbondenheid vervang nie. Baie sukkel om aanvaarding te vind en gesonde ondersteuningsnetwerke te bou, wat tot moedeloosheid en onsekerheid kan lei.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om **genesing in gesinne en gemeenskappe** te bring en jong volwassenes te seën met betekenisvolle vriendskappe, geestelike mentors en 'n gesonde Christelike gemeenskap.
- Bid dat die Here hierdie generasie sal omring met **godvresende vriendskappe** wat hulle voorturend na Christus sal wys.

---

**SATERDAG 11 JULIE 2026**

**TWYFEL EN SEKULÊRE WÊRELDBESKOUINGS**

*Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.* (Kolossense 2:8).

Jong volwassenes word daagliks gekonfronteer met idees wat Bybelse waarheid bevraagteken en geloof in Jesus probeer ondermyn. Deur onderwys, media, sosiale platforms en populêre kultuur word hulle blootgestel aan **denkwyses wat God se Woord bevraagteken**, selfgenoegsaamheid bevorder en alternatiewe waarhede aanbied. Sonder geestelike onderskeiding kan dit tot verwarring, twyfel en geestelike kompromie lei.

**Kom ons bid**

- Vra die Here Jesus om jongmense wêreldwyd **met geestelike onderskeiding toe te rus** sodat hulle standvastig in hul geloof sal bly te midde van die idees en waardes wat die samelewing vorm.
- Bid dat ons Vader hul geloof in Jesus Christus sal versterk en hulle sal laat groei in oortuiging, vrymoedigheid en moed as getuies van Sy Koninkryk.

---

**SONDAG 12 JULIE 2026**
**DOEL EN ROEPING**

*Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.* (Efesiërs 2:10).

Baie jong volwassenes verlang daarna om te weet waarom hulle hier is en waartoe God hulle geroep het. Ware doel word gevind deur Jesus te volg en tot Sy eer te leef. Tog sukkel baie jongmense om **God se unieke plan vir hul lewe en toekoms** te ontdek omdat die wêreld sukses meet aan prestasie en status.

**Kom ons bid**

- Bid dat hierdie generasie jong volwassenes die stem van die Here duidelik sal hoor oor hul roeping. Bid dat die Kerk hulle sal toerus, mentor en uitstuur om God se doel vir hul lewens te vervul.
- Bid dat hulle **eers die Koninkryk van God sal soek** en lewens sal lei wat Hom eer en verheerlik.

---